

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: Sinvolle verhoudings buiten die romantiese en gesinsverbande**

**Skriflesing: Matteus 16:13-20 (1953)**

### Broodjies vir die pad

#### Ruimte om in te twyfel

Die kerk se ruimte in die wêreld krimp. En wat maak ons met die stukkie wat oorbly? Ons baklei daarin, skryf Christina Landman.

Dis wat deur my kop gaan terwyl ek lees van Wilhelm Jordaan se twyfel en Adrio König wat daaroor kla.

Die kerk sit vas in 'n spasie wat hyself laat inkrimp. En hy maak dit nóg kleiner met baklei.

Nou die dag vra ek aan 'n gemeenskap hoe verhoudings nou daar is ná 20□jaar van demokrasie. Ek vra oud en jonk, ek vra wit en swart, ek vra natuurlik ook mans en vroue.

Wel, sê hulle, dit steur 'n bietjie dat die vroue so astringent is, maar hier in hierdie gemeenskap word geen vroue meer verrinnere nie. Die jonges is ook meer geduldig met die ouer mense, al kom die oues net so bietjie-bietjie met die rekenaars reg en al is hulle nie krities genoeg met die regering nie. En die rykes betaal die arm werkers beter. Wit en swart is nou pelle. Kyk, verhoudings is nou goed hier en mense los konflik in die gemeenskap op anders as om op mekaar te skree, jy is 'n dom vroue-deel of jou boude is swart.

Dan vra ek: En die kerke? Nee, dis net die kerke wat baklei, sê hulle. Almal kom nou goed met mekaar klaar, maar die kerke baklei oor die waarheid.

Nou die dag, ook, bied ons 'n werkwinkel aan oor hoe om 'n gemeenskap se sterkpunte te kaart. En toe ons by die kerke kom, toe sê die mense, almal jongmense, nee, die kerke is die gemeenskap se swakpunt. Hulle baklei net heeltyd oor iets wat nie eens hoef te bestaan nie□.□.□.□die waarheid.

Ek was geskok, maar ek moes dit maar in die oë kyk. Die kerk se aandeel in die jong samelewing is maar min.

En dis dan die eerste rede waarom die kerk se ruimte klein geword het. Hulle baklei oor die waarheid. En soos Jordaan en König nou weer bewys het□.□.□niemand gaan daardie oorlog wen nie. Daar is net verloorders.

En dit terwyl die kerk al lankal ander goed met hul ruimte moes doen. En party doen dit gelukkig. Geloof is 'n ruimte waarin jy moet dans, want dis nogal fantasties om te glo die wêreld is meer as net die wêreld. En dat jy nie net gebore word om dood te gaan nie.

Geloof is 'n ruimte om te leef. Om in te leef soos iemand wat nie altyd reg hoef te wees nie, maar eerder die moed het om na ander uit te reik. Dis 'n spasie om in te hoop. Jy kan juis hoop dat dinge kan verander, al nooi die lewe jou uit om daai depressie te traai of om daai drankie weg te slaan. En König het toevallig – of miskien nie so toevallig nie – juis nou 'n boek oor hoop geskryf. Dit is waarvoor geloof se ruimte daar is.

So met die lees van Jordaan-vs-König onthou ek nog 'n rede waarom die kerk se spasie klein geword het. Ons rol drie klippe in ons eie pad – dat Jesus goddelik is, dat die Bybel absolute gesag het en dat God alles wil beheer. En dan noem ons die drie klippe “die Christendom”. Ons sê dis al waarvoor geloof gaan.

En ek stem saam dat hierdie drie klippe in ons ruimte hoort. Ek sou net wou hê dat hulle nie rotse moet word nie, maar deurgangspoorte. Dat hulle nie die uitsig op geloof se heerlike ruimte sal blokkeer nie, maar gesonde lense wees wat van geloof 'n gesonde ding maak.

En dat ons nie net daaroor sal praat wanneer ons oor die Christendom praat nie.

Dis soos die professor in huisartskunde wat baie geleerd is, maar uit sy geleerdheid probeer om mense, en sustersverenigings en mannebonde toe te spreek oor hoe om gesond te lewe en hoe die liggaam werk. Maar uiteindelik vra almal hom maar net: Dokter, wat veroorsaak 'n verkoue?

Niemand ken die antwoord nie. Niemand weet wat veroorsaak griep nie. En niemand weet presies hoe Jesus was nie. En niemand kan een onfeilbare, volhoubare manier uitwys om die Bybel te lees nie. En niemand kan voorgee dat hulle God se wil onvermeng inkry nie. Nie Jordaan nie en ook nie König nie.

So, hoe kan ons nou die kerk se hele ruimte laat volmaak met drie rotse? Ons moet die rotse in geleentheid, in deurpaaie, verander. Goddelikheid is daar om te vier. Want wat is nou wonderliker as om te glo dat God hom met ons bemoei? Ons God is nie soos Zeus van ouds wat net plesier wil hê en nie betrokke wil raak nie. En wat is nou geluksaliger as om die Bybel te hê? Om te kan lees hoe mense oor duisende jare heen gesonder en sterker en mensliker geword het weens hul verhouding met God? En wat is nou meer bemagtigend as om sáám met God 'n pad te kan stap en die toekoms saam te verander?

Maar al voel ons die rotsvastigheid moet daar wees, dan moet ons ook tog verder kan gaan as net die rotse. Die kerk moet 'n spasie wees vir waterstrome en liefde. Van heelword. En heelmaak. En uitreik. En opbou.

Die debat wat Jordaan-König aan die gang gesit het, herinner ons weer aan wat die kerk se spasie kan wees. Dis 'n ruimte waar ons bemenslik menslik kan wees. Dis 'n ruimte vir verwondering en verbeelding. Dis ook 'n spasie vir menswaardigheid en vir die aanvoeling van ander mense se behoeftes. Dis 'n ruimte vir selfkritiek .□.□.□en vir groei.

En dan is daar nog 'n derde rede waarom die kerk vandag op 'n klein, en helaas krimpemde, ruimte staan. Daar is nie plek vir twyfelendes nie.

En dis tog jammer, want in die Bybel twyfel mense ook. En hulle twyfel baie. En daar's respek vir hul twyfel. Job twyfel. Geen maklike antwoordjies vir hom nie. Vir Job is sy verhouding met God nie onskuldig nie. God is nie sy Vader nie. God is 'n gelyke. God is aanspreeklik. Saam moet hulle groei, verby die pyn van die hede.

En die Psalmis twyfel dikwels. In Psalm 73 sê hy: "God is goed, maar ek twyfel soms as ek sien wat om my aangaan." In die meeste Psalms huil en kla die sanger. En selfs die lofpsalms jubel met 'n traan.

Geloof sluit nie twyfel uit nie. Dis juis mense wat ernstig oor geloof is, wat twyfel.

In die Bybel groei baie mense deur te twyfel. Eers kry jy dat God met oorlog vereenselwig word en dat hy aan Israel se kant is. Met die Babiloniese ballingskap begin die mense daaraan te twyfel. God is die Skepper van alles, ja, maar saam moet ons die pad stap om die skepping te onderhou. Eers is Hy die Israeliete se God, maar later begin hulle daaraan te twyfel. Dan reik God ook uit na mense wat nie Israeliete is nie. Met die boek Rut kom buitelanders in die prentjie van God se genade. En natuurlik, met Jesus word God bevry van enige suspisies van liefdeloosheid en mag.

Kaas is geel, soos my seun sou sê, behalwe blou kaas.

■ *Prof. Landman is verbonde aan Unisa se Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie.*

<http://www.beeld.com/stemme/2014-08-05-ruimte-om-in-te-twyfel>

## Nuwe gees gee Kerk weer 'n kans

Daar is wêreldwyd 'n nuwe vryheid aan die groei in die Kerk, ook hier in Suid-Afrika, skryf Jaco Strydom

Die army-oom wat ons destyds in weerbaarheidsperiodes laat bid het teen Mandela se vrylating, "want hy gaan die Christene vervolgt," het sy fout besef. Al hou hy nie van Zuma nie, is dit vir hom lekker om vandag met 'n oopknoophemp kerk toe te gaan.

Dis nie deesdae so maklik om die ooms en tannies kwaad te maak nie. Hulle wil actually hê die dominee moet eerlik wees.

Hulle soek die waarheid, al is dit moeilik, ongemaklik, selfs lelik. Hulle soek nie meer predikers wat net sê wat hulle graag wil hoor nie – die uittog na die Afrikaanse Protestantse Kerk is verby.

Die meeste kerkmense wat ek teëkom, gee regtig om vir die land en sy mense.

Daar is ontsteltenis oor dinge wat in die politiek gebeur – enigiemand wat omgee, sal ontsteld wees – maar daar is ook 'n nuwe, diep soeke na spiritualiteit.

Kerkmense, selfs in die susterskerke, het die afgelope 20 jaar begin uit-figure dat Jesus belangriker is as die kerkorde en dat die kleur van jou das eintlik glad nie saak maak nie. Dat die "regte belydenis" sonder liefde niks is nie – al het jy die geloof om berge te versit (1 Kor 13:2).

Wat 'n verligting.

Ons mag deesdae reguit praat oor dinge wat regtig saak maak. Goed soos: politiek, rassesspanning, geld en seks – al is die gay-kwessie by baie kerke nog 'n taboe.

Die ergste wat gaan gebeur, is dat 'n oom opstaan en uitstap uit die erediens (of hate mail van 'n sekere tannie in Richardsbaai).

Niemand gaan jou martel by Vlakplaas nie. Jou huis gaan nie deur die veiligheidspolisie dopgehou word nie. Hulle gaan nie jou foon tap omdat jou teologie verkeerd is nie. Jy hoef jou nie te bekommer dat iemand vir jou 'n briefbom gaan stuur (soos destyds vir vader Michael Lapsley) nie.

Die vervolging is verby!

Al daai boeke by die teologie-fakulteite wat apartheid uit die Bybel regverdig het, het stil-stil verdwyn. Die Broederbond is vir alle praktiese doeleindes saam met die NP dood. Selfs die Hervormde Kerk sê deesdae dit was verkeerd om swart broers en susters te verbied om saam met wit Christene te aanbid.

Ook die sinode sal jou niks maak nie – veral as jy in die NG Kerk is – anything goes!

En ek verkies dit so, al is dominees en dosente met "ongeloofsekerheid" vir my 'n vreemde gedagte (daar is enkeles). Hier praat ek nie van iemand wat eerlik worstel met God en deur tye van vertwyfeling gaan nie, dit gebeur met meeste van ons, maar van mense wat tot 'n slotsom gekom het en bewyse aanvoer.

As dít die slotsom is waartoe ek sou kom – as ek daai soort sekerheid sou kry – bedank ek die amp en word 'n duikinstrukteur by 'n mooi plekkie langs die see.

Maar eerder hierdie ongekontroleerde vryheid as die vroom voorskriftelikheid van ouds.

Ek verkies dit om in 'n tyd te lewe waarin Wilhelm Jordaan eerlik kan wees oor sy twyfel, by die kerk en in die koerant.

Sy artikel verlede week in Beeld was bewonderenswaardig. Ek hoef nie met alles saam te stem om dit te waardeer nie – daar is baie mooi goed in die lewe wat ek glad nie verstaan nie. Maar wanneer 'n man iets doen waarvoor min mense kans sien, sy hart heeltemal oopmaak, kan ek nie anders nie as om dit te bewonder.

Wilhelm verkondig nie dat "God nie bestaan nie", dat "Jesus nie opgestaan het nie". Hy getuig oor sy eie worsteling met sy eie geloofstradisie. Hy is onseker en eerlik daaroor. Hy wys dat "onseker" en "ongelowig" nie noodwendig sinonieme is nie.

Wat 'n wonderlike vryheid om dit te mag sê sonder om getug te word. Ons het meer eerlike worstelings soos Wilhelm s'n in die kerk nodig. En dit wil lyk of die kerk oor die algemeen vandag oper is vir hierdie gesprek.

Dis 'n stappie nader aan die tuin van Eden waar ons weer kaal kan leef sonder om skaam te wees. Die kerk moet mos dié plek wees waar ons dit kan waag om ons maskers af te haal.

Nou en dan hoor jy nog van 'n kerkraad wat wil hê die kerk moet weer 'n kultuurvereniging of 'n bless me club wees, maar dis toenemend die uitsondering. Daar is nog moeilike ooms en tannies oor – hulle sal altyd met ons wees – maar ons hoef nie meer bang te wees vir hulle nie.

Ek wil glo daar is iets groters hier aan die gang. 'n Meer algemene tendens. 'n Skuif. 'n Nuwe openheid gebore uit 'n eerlike, innerlike honger, uit 'n gatvolheid vir goedkoop antwoorde. 'n Dieper dors. Mense weet die Kerk het in die verlede vir hulle gelieg en hulle is moeg daarvoor. Hulle kan nou Google.

Die wonderlike ding is dat meeste van hulle nie opgegee het op die Evangelie nie. Hulle sit steeds Sondag ná Sondag 'n uur lank om te luister, om saam met ander na God se stem te soek.

Wat 'n geleentheid is dit nie vir die Kerk in 'n wêreld met byvoorbeeld soveel rassehaat, met soveel uitdagings nie? Wat 'n wonderlike kans om die vredemakers uit te daag om vrede te maak. Om mense aan te moedig om van die meer as 4 miljoen weeskinders in te neem. Om diversiteit te ontdek vir wat dit kan wees, 'n seën en nie 'n vloek nie. Om bitterheid te ontbloot en liefde en verdraagsaamheid te help kweek. Om Jesus te volg.

Maar hoor die mense wat Sondae in die kerk sit dié goed?

Gebruik kerkleiers hierdie nuwe vryheid genoeg? Word gemeentedele aangemoedig om met hul swart bure te kuier of om die Pakistani by die selfoonwinkel oor te nooi vir ete? Hoor hulle dat hulle moet lief wees vir hul werkers en hulle nie moet uitbuit met minimum lone nie? Word hulle uitgedaag om eerlik te wees, ook oor die dinge waarin hulle twyfel?

In 'n land waar meer as 80% van die bevolking deel is van een of ander vorm van kerk, waar die meeste grond en ondernemings aan kerkmense behoort, het die Kerk 'n enorme rol te speel.

Die groot vraag is natuurlik of ons as dominees, priesters en pastore hierdie kans gaan aangryp – dit lyk of die nuwe pous dit doen.

In die verlede was die verskoning dat ons oor sekere dinge nie gedurf praat het nie. Wat is die verskoning nou? Doen ons dit nou dat ons mag praat?

Die geloofsgemeenskap waarvan ek deel is, moet tog weet dat as ek die dag by die slotsom sou kom dat Jesus nie was wie die Bybelskrywers gesê het Hy was nie, ek dit vir hulle van die kansel af sal sê.

Dat ek met hulle oop en eerlik sal wees oor my geloof en oor my twyfel, eerlik oor wat ek dink God van ons in hierdie tye vra, al is dit ongewild.

Dat ek vir hulle lief is en daarom nie vir hulle sal lieg nie. As ons nie kan eerlik wees by die kerk nie, waar dan?

• Ds. Jaco Strydom is van *ECHO Jeug*.

<http://www.beeld.com/stemme/2014-07-29-nuwe-gees-geekerk-weer-n-kans>

## Brood vir die pad

### Fokus op Lewe op aarde

Die Nuwe Hervorming Netwerk (NHN), wat ná 'n hewige debat tussen Christene ontstaan het, is vanjaar tien jaar oud. Sakkie Spangenberg skryf die netwerk se fokus het na die lewe hier-en-nou verskuif.

Wilhelm Jordaan se onlangse erkenning in *Beeld* dat hy nie meer dink en glo soos hy jare gelede gedink en geglo het nie, en lesers se reaksie daarop, het my herinner aan die eerste jare van die nuwe millennium. 'n Handvol Bybelwetenskaplikes het lesers bekend gestel aan nuwere navorsing oor Jesus van Nasaret en die vroeë Christendom.

Piet Muller, wat deel van die aanvanklike gespreksgroep was, het die moontlikheid geopper dat 'n nuwe hervorming hom binne die Christelike tradisie kan voltrek.

'n Hewige debat het ontstaan en kort voor lank was daar twee kampe: (1) die “nuwe hervormers” en (2) die “ortodokse Christene”.

Sommige predikante en teoloë was totaal verbaas dat *Beeld* die artikels en briewe toegelaat het en daar is soms smalend onderling gevra: “Het julle vanoggend die jongste teologie in *Beeld* gelees?”

Die strydgesprekke het mettertyd bedaar, maar heelwat lesers het laat weet dat dit vir hulle bevrydend was. Hulle was bly om te lees dat daar ander mense is wat ook met vrae in hul gemoed rondloop.

Die “nuwe hervormers” (soos die Bybelwetenskaplikes en ander ondersteuners gedoop is) het in reaksie op mense se versoeke eventueel die “Nuwe Hervorming Netwerk” in 2004 gestig en die netwerk vier vanjaar sy eerste dekade van bestaan.

Sommige predikante het destyds gemeen dat die NHN 'n spoedige dood sal sterf, maar in 2006 is tweeweeklikse byeenkomste in Midrand begin met die uitsluitlike doel om 'n oop gesprek oor kerklike leerstelling te bevorder. 'n Webwerf is gestig en die Midrand-lesings is daarop gepubliseer. Deesdae is van die lesings ook op DVD beskikbaar en daar is selfs 'n Facebook-groep waar inligting versprei word en gesprekke plaasvind.

Die lesings en gesprekke wat gevoer word, fokus egter nie meer uitsluitlik op die Bybel en die Christelike tradisie nie.

Daar het binne hierdie netwerk ook groei plaasgevind. Waar daar vroeër oor die gesag en verstaan van die Bybel, die Christelike leerstellings, die vroeë Christendom en oor verskillende godsbeelde gepraat is, praat die

lede en belangstellendes deesdae ook oor die oerknal en die evolusieleer, oor politieke en ekonomiese sake, oor ons bestaan in 'n veranderende Suid-Afrika, oor geweld en oorlewing, oor armoede, aanranding en lyding, oor die ekologiese krisis en wat ons kan doen om 'n gesonde omgewing vir ons kinders en kleinkinders na te laat. Die netwerk se fokus het dus verskuif na ons lewe hier-en-nou.

Verder gaan dit nie net oor die mensdom nie, maar om alle lewende (en selfs nie-lewende) dinge op aarde. Die NHN-bestuur is oortuig daarvan dat die netwerk waarskynlik die enigste organisasie in Suid-Afrika is wat so uitsluitlik op lewefokus en die oerknal- en evolusieleer van harte aanvaar.

Die lede het die fokusverskuiwing van sondeval-verlossing-eindoordeel (die kernboodskap van die tradisionele kerke) na Lewe op aarde uiters bevrydend beleef.

Dit was vir hulle ook verrassend om te verneem dat daar teoloë is wat hulle daarin voor was. Een so 'n teoloog is Albert Schweitzer (1875-1965). Sy geboorte- en sterfdatum sal definitief volgende jaar 'n vonk bied om weer na sy lewe, teologie en filosofie te kyk. Hy het in 1952 die Nobelprys vir vrede vir sy werk by sy hospitaal in Lambaréné (Gaboen) ontvang, asook vir sy filosofie van "eerbied vir Lewe".

Prof. Pieter Botha, huidige NHN-voorsitter, het reeds vanjaar 'n lesing in Midrand oor sy filosofie gelewer. Schweitzer het met sy filosofie van "eerbied vir Lewe" 'n weg aangedui wat vir baie mense binne en buite die bestaande kerke van die allergrootste belang geword het.

Ons kan nie maar net voortleef soos ons jongste voorouers geleef het nie. Die mensdom is besig om die aarde en alles daarop te vernietig. Oorbevolking, lug-, grond- en waterbesoedeling en die oorbenuiting van hulpbronne is besig om Lewe op aarde te ondergrawe.

Daar is geleerdes wat selfs van mening is dat die Christelike godsdiens grootliks bygedra het tot die krisis waarin ons tans verkeer. Hulle reken dat die opdrag in Genesis 1:28: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip", aan die wortel van die kwaad lê.

Veral die woorde "onderwerp" en "heers" word negatief beoordeel.

Twee ander teoloë van wie die NHN ook kennis geneem het, is Anne Primavesi en Lloyd Geering. Dié teoloë vind albei aanklank by die sienings van James Lovelock en die Gaia-hipotese. Lovelock was een van die eerste wetenskaplikes wat die hipotese voorgedra het dat die aarde 'n lewende stelsel is en dat die substelsels, soos die atmosfeer, die hidrosfeer, die biosfeer en die geosfeer, in interaksie met mekaar verkeer om Lewe op aarde moontlik te maak. Word die atmosfeer egter versteur, het dit 'n invloed op die hidro-, die bio- en die geosfeer. Die mensdom se aanwas, hul uitroeiing van woude en hul besoedeling van die atmosfeer veroorsaak 'n wanbalans wat ernstige gevolge vir Lewe op aarde inhou. Sowel Primavesi as Geering het daarvan kennis geneem en met 'n nuwe teologie na vore gekom. In dié teologie val die fokus nie

meer op 'n sogenaamde sondeval aan die begin van die skepping, Jesus se kruisdood wat die sondeval omkeer en uiteindelik 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarborg nie.

Die fokus val nou op die aarde se unieke plek in die groot uitdyende heelal en hoe Lewe op aarde ontstaan, ontplooi het en kan voortduur.

Primavesi se sienings is treffend verwoord in haar boek *Sacred Gaia: Holistic Theology and Earth System Science* (2000) en Geering s'n in sy boek *Coming Back to Earth: From gods, to God, to Gaia* (2009).

Die verrassende is dat daar Afrikaanssprekende skrywers en sangers is wat bewustelik en onbewustelik die nuwe sienings en die nuwe teologie verwoord. So sluit Lina Spies se gedig "Geloofsbelijdenis van 'n afvallige" met hierdie mooi woorde:

Ek glo dat omdat ek lewe  
ek aan alle lewendes  
sorg en deernis verskuldig is  
en ek glo dat as ek sterf  
ek opgeneem sal word  
in die durende siklus  
van vernuwing en verval  
en dat die lewe triomfeer  
in elke geboortekreet  
omdat die lewe magtiger is  
as die dood.

Dis 'n belydenis wat heelwat "nuwe hervormers" omarm. En dan is daar Coenie de Villiers se lied "Katedraal", waarin hy oor die natuur as die nuwe katedraal sing. Die eerste strofe en refrein lees soos volg:

In my kerk is daar geen dak nie  
geen reliëf of skildery  
geen kandelaar wat hoog moet hang nie  
almal kan hier toegang kry  
want my koepel is die hemel  
hoog genoeg vir al die sterre  
breed genoeg vir die planete  
hier sal jy stilte  
hier sal jy vrede  
hier sal jy rus by my kom kry.

Die NHN maak hierdie gedigte en liedere hul eie en neem Hennie Aucamp se wyse woorde ernstig op: "Wie eksperimenteer, moet met vreugde aanvaar dat hy foute gaan maak. Versigtigheid en kreatiwiteit was nog nooit bedgenote nie."

Baie predikante en teoloë het dié wysheid nog nie hul eie gemaak nie, vandaar die onverdraagsaamheid teenoor diegene wat nuut dink en nuut verwoord.

● □ Prof. Spangenberg is van Unisa se departement Bybelse en antieke studie.

<http://www.beeld.com/stemme/2014-08-27-fokus-op-lewe-op-aarde>